Sondag, 22 November 2020
Koninkrykstyd

Wag geduldig... en sal ek dan aan die einde van 2020, nógtans juig!

"Ek sal vertel aan die komende geslagte... dit sal gou kom want dit kom beslis.
Jy moet net geduldig bly wag as dit nie gou kom nie, want dit kom beslis, dit sal nie uitbly nie."
(Habakuk 2:3b en 4)

Dit is asof jy vandag se koerant lees wanneer jy Habakuk se vraag sien: *hoekom gebeur al dié dinge?*

In die boek Habakuk word geworstel met die vraag van alle mense oor alle tye heen. Ons praat in teologiese taal van die sogenaamde *Teodisee*-vraag, maar eintlik beteken dit maar net dat ons vra: Hoekom gebeur slegte dinge met goeie mense? In Habakuk: Here, waarom lyk dit of goddelose mense die oorhand kry oor regverdige mense kry. Van Habakuk self weet ons eintlik baie min. Wat ons wel weet is dat hy 'n diep gelowige man was, wat met God geworstel het in 'n waansinnige wêreld.

Nie eens Habakuk se naam gee vir ons 'n leidraad om hom beter te verstaan nie. Al wat ons weet is dat die naam Habakuk vaagweg beteken: "tuinplantjie". Maar Habakuk kry dit reg om dit wat ons beleef; die vrae wat ons vra, te verwoord. Hy kla oor:

- Die geweld en misdaad in die samelewing
- Oor die onreg wat elke dag gebeur
- Hulle kla oor die regering
- Hulle kla oor die ellende wat hulle elke dag sien
- Hulle kla oor onregverdigheid
- Hulle kla oor onderdrukking
- Hulle kla want die wet word nie toegepas nie, dit het nie meer krag nie
- Hulle kla want slegte mense het die oorhand oor goeies

Merkwaardig: Habakuk vlug mét sy vrae, ná God. God sélf is die adres waar hy gaan aanklop met sy vrae.

Na dié intense worsteling moet hy tot die gevolgtrekking kom: *al sou... alles op niks uitloop... nogtans sal ek juig...*

Dr. Johan Nel

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur dr. Johan Nel en ons orrelis dr. Johan Cromhout in die kerk, en ds. Johan Marais by die gesinsdiens in die saal. Die erediens is vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

Ander eredienste vandag en volgende Sondag:

Sondag, 22 November 2020 15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens)
18:00 – ds. Jan Lubbe (Afsluiting Senior Kategese).

Volgende Sondag – 29 November – vind die **Kerssangdiens** van 2020 plaas, in hierdie moeilike jaar... Ds. Johan Marais se tema is: *"Die belangrikste vraag wat jy ooit sal vra..."* Vanweë die Covid 19-regulasies vir kerkbyeenkomste, en omdat ons Berg-en-Dal 'n veilige omgewing vir almal se gesondheid wil hou, moet ons dit as volg reël:

* **Oggendkerssangdiens (09:30)** – Wyke 1 tot 9
* **Aandkerssangdiens (18:00)** – Wyke 11 tot 20
* Gesigmaskers moet te alle tye op die kerkterrein en tydens die diens gedra word (oor mond en neus)...
* Handhaaf 'n veilige sosiale afstand voor, tydens en ná die erediens...
* Voltooi bywoningsregister en meld getal persone per gesin wat die diens bywoon...
* Handreiniger is by al die deure – gebruik dit...
* Onthou jou Bybel en Liedboek...

LITURGIE

Intredelied: "God is hier teenwoordig, Here, gee ons vrede" (Lied 159)

Votum en seëngroet

Lofliedere: Psalm 148 en Lied 199
(in respons met liturg)

Gebed

Skriflesing: Habakuk 1:1-17 en 2:2-4

Prediking

Antwoord: "Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie" (Lied 516)

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Slotlied: "Dank, dank die Heer" (Lied 529:1, 2, 3 en 4)

Seënbede

Orrelnaspel: "Op berge en in dale" (Lied 509, verw. Johan Greyling)

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES:
U kan 'n eredienskollekte na Berg-en-Dal oorbetaal deur 'n elektroniese betaling via die internet te doen of per snapscan aan die einde van *Fokus*. Dit hou ons eredienste en ander bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons elke Sondag 'n bedrag

van R 1 000 aan ‘n instansie soos op ons program vir deurkollektes aangedui sodat húlle werk ook kan voortgaan – vandag, 22/11, vir Predikante Begeleiding. Dankie!

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

23 Nov	Ilse de Beer, Leo Engelbrecht, Logan Engelbrecht, Vanessa Johnson en Rina Visser.
24 Nov	Riana Johnson, Eben Joubert, Mia Morrison, Rina Rossouw, Hugo en Marius Theunissen.
25 Nov	Corné Franken, Barry Poggenpoel en Peet Spies.
26 Nov	Dirk Nel en Johan van Rooyen.
27 Nov	Armand Botha, Marianne Brink, JF de Waal, Ina Fenwick en Jan Jacobsz.
28 Nov	Susan Beukes, Carien van Zyl en Kowie Wessels.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Tannie Reneé v/d Walt (Siësta, wyk 10); Tannie Hanna Lubbe (Serenicare 22, wyk 15); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Manie Engelbrecht (Siësta, wyk 10); Brian Grimbeek (Genl. Cronjéstr. 9, wyk 9a) en Beatrice Carshagen (wyk 12). Ons dank die Groot Geneesheer vir beterskap met Tannie Winnie Barnard en Oom Donald Laas; ons bid steeds vir mense se gesondheid in hierdie Covid 19-jaar. Só-ook vir ons land, haar mense, vir veiligheid, verantwoordelike leierskap, geregtigheid en vrede... En ons dank die Skepper vir die afgelope week se reën!

Sterkte aan alle matrieks midde-in hul eindeksamen!

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Die Mannegebedsgroep tree vir ons gemeente, land en mense in – kontak ds.Johan indien jy ook die gebedsversoeke per whatsapp wil ontvang.
‘n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep is besig met die laaste van die kleinprofete, **Maleagi**. ‘n Kort video (3 min), werksbladsy en stemboodskap met meer inligting word Woensdagaande per whatsapp aangestuur vir jou stiltetyd. Ons groep gaan op Woensdagaand, 9 Desember om 18:00 saam by die kerk afsluit...

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar ‘n behoefte vir pastorale ondersteuning of gesprek is, kontak ons.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
Wyke 11 (Blok suidwes van Johieshof) en **12** (Blok noordwes van Tempe en langs N1) is in November verantwoordelik vir ons gasvryheid, sorg en omgee. Indien u hierby betrokke wil raak, kontak vir Rita van Zyl, ons kantoorbestuurder.

Kantoorure:
Maandae, 09:00-12:00 Rita van Zyl Vrydae, 09:00-12:00 Adri v/d Berg
Alle personeellede is deurgaans per epos of selfoon bereikbaar.

BEDIENINGE

Bestuursraad vergader Maandag, 30 November 2020 om 18:00 by die kerk.

GEMEENTEBEDIENING
Dankfeesviering 2020:
Die jaar van ons Groot Ontwrigting, 2020, nader sy einde, steeds vir ons onbekend. Tóg, ons het rede om ook dankbaar te wees, saam met almal vir wie die jaar wel swaar was. Op Sondag, 6 Desember, wil ons in die oggenddiens dankie-sê, en dan daarná 'n kerrie & rys & kermispoeding-wegneemete vir almal om tuis te geniet, verskaf: dit kan @ R 50 p/p bestel word by die kerkkantoor of deur 'n sms/whatsapp na 073-180-3193 of 083-656-1680 te stuur. Vrywilligers wat bestanddele wil skenk en/of wil help voorberei en verpak, kontak Germarie Adendorff by 079-038-4038. Aangesien ons nie vanjaar in Mei die gebruiklike Spesiale Dankoffermaand geloods het nie – ons almal, wagtend oor die impak van Covid-19 – wil ons tóg aan lidmate wat voel dat hul 'n spesiale dankoffer wil gee, deur die volgende twee maande (Desember/Januarie) geleentheid daartoe bied en word jy uitgenooi om dit in die koevertjie, per bankinbetaling of deur snapscan te doen. Berg-en-Dal sal bly wees!

NG Kerk Berg-en-Dal
ABSA
Tjekrekening 470-580-011

SnapScan

Op berge en in dale,
oral voor Gods aangesig.

Neem asb. kennis dat geen tjeks meer ná 31 Desember 2020 aanvaar word nie – banke het dit so deurgegee.

Kerkbode en Lig-tydskrif vir 2021:
Lidmate wat belangstel om weer in te teken vir volgende jaar moet asb die kerkkantoor skakel voor 30 November 2020.

Jaareind-Stilwordkans te Menuha:
Almal wat graag wil stilraak en tot verhaal kom in die Stille Teenwoordigheid van die Allerhoogste, word genooi om Vrydagmiddag, 11 Desember vanaf 18:00 tot Saterdag, 12 Desember met middagete (13:00) uit te gaan na Menuha; ds. Jan (082-784-9362) sal hierdie asemskepkans met 'n Skrifteks en nadenke oor die afgelope jaar lei. Koste beloop R 250 p/p en sluit alles in; bespreek by die kerkkantoor of sms na ds. Jan Lubbe.

GETUIENISBEDIENING (met brood en Woord)
Hospice Bloemfontein: "Tree of Remembrance"
Hospice Bloemfontein bied op Sondagmiddag, 29 November 2020 om 17:30 'n geleentheid aan om stil te raak en almal wat deur 2020 heengegaan het, te onthou en hul nagedagtenis te eer. Dit word by die labarint by die Vrouemonument aangebied, en almal is welkom – vir meer besonderhede, kontak Hanneke Lubbe (076-912-9490).